# Take van Toerus Bybelskool.

***'n Sertifikaat kan verdien word alleenlik as al die Take suksesvol afgehandel is.***

## *Nota: Elke Taak moet afsonderlik beantwoord word.*

**Belangrik: Moenie vergeet om jou naam en Email adres op elke Taak te sit nie.**

**Belangrik: Indien jy iets aanhaal uit 'n boek gee die Naam van die Skrywer asook die Titel van die boek.**

**Die volgende Simbole sal gegee word vir Take**

**A = 90% - 100%**

**B = 80% - 89%**

**C = 70% - 79%**

**D = 60% - 69%**

**TAAK No.1 HOE OM BYBELSTUDIE TE DOEN? Bladsy 4 tot 11**

Verduidelik die volgende:

- Hoe belangrik is dit om jou Bybel te studeer?
- Verduidelik die verskillende metodes om Bybelstudie te doen.
- Hoe om verskillende vertalings te gebruik.

**TAAK No. 2 GEES, SIEL en LIGGAAM. Bladsy 12 tot 15**

- Hoe sal jy aan iemand verduidelik dat ons 'n gees is, wat 'n siel het en in 'n liggaam woon?
- Gee 'n definisie van jou siel.
- Verduidelik in jou eie woorde hoe die mens 'n "lewende siel" geword het.
- **Is dit 'n korrekte stelling:** *"Wedergeboorte vind plaas in ons gees, maar ons siel moet daagliks vernuwe word?"* Gee die redes hoekom jy dit glo.

**TAAK No. 3 VOLKOME VERGIFNIS. Bladsy 16 tot 20**

Om "Volkome Vergifnis" te ontvang, is daar drie dinge wat moet plaasvind. Verduidelik in jou eie woorde hoe jy hierdie Waarheid verstaan.

Nota: Nadat jy bostaande verduidelik het, moet jy 'n preek saamstel hoe jy "Volkome Vergifnis" sal kan oordra aan 'n gehoor. In jou preek moet jy ook die Skrifte aanhaal wat jy gaan gebruik.

**TAAK No. 4 JOU POSISIE IN Christus en JOU POTENSIAAL. Bladsy 21 tot 26**

Skryf alles wat jy weet oor hierdie belangrike Onderwerpe.

**TAAK No. 5 JOU BEDIENING. Bladsy 27 tot 34**

- Hoe belangrik is Bedieninge in 'n gemeente?
- Watter Bediening is nodig in 'n Gemeente?

**Hoe behoort die volgende Bedieninge in 'n Gemeente te werk?**

(1) Die Bediening van Profesie.
(2) Die Bediening van die Evangelis.
(3) Die Bediening van die Pastoor.

**TAAK No. 6** **JOU GAWES.** **Bladsy 35 tot 43**
Verduidelik hoe verstaan jy die Gawes van die Heilige Gees, soos ons dit vind in 1 Kor. 12:1-11
Maak seker jy verstaan wat geskrywe is in jou Bundel rakende die Gawes.

**TAAK No. 7** **Bladsy 45 tot 93**
**Hoe verstaan jy "Dissipelskap"?**

- Moet ons dissipels maak of bekeerlinge?
- Wat beteken die woord in Grieks *"Mathetes"*?
- Wanneer was die dissipels vir die eerste keer Christene genoem?
- Wat is die kenmerke van 'n ware dissipel van Christus?

**Verduidelik kortliks die volgende: (Moenie kort antwoorde gee nie)**

Hoe verstaan jy Versoeking?
Die doop van die gelowige.
Die doping in die Heilige Gees.
Die krag van ons Woorde?
Hoe sal jy "Wedergeboorte" aan iemand verduidelik?
Goddelike Genesing
Die waarheid oor Saai en Maai (Veral volgens **2 Kor. 9:6-11**)

**TAAK No.8** **HOE KAN 'n GEMEENTE GROEI?** **Bladsy 94 tot 103**
Hoe verstaan jy 1 Kor. 3:1-7?
Watter 9 dinge het die Gemeente in Jerusalem laat groei? (Hand. 2:42-47)
Wat het die Gemeente in Efese laat groei? (Hand. 19)
Wat sal 'n Gemeente Liefde, Eenheid en Groei gee? (Efesiërs 4:11-16)

**TAAK No.9** **AANBIDDING AS 'n LEWENSTYL.** **Bladsy 104 tot 108**
Verduidelik wat verstaan jy onder "Om God te Aanbid".
Hoe verstaan jy die 7 Hebreeuse Woorde wat Israel gehelp het hoe hulle God kon aanbid?
Gee jou verduideliking van elkeen van hierdie woorde – hoe jy dit verstaan.

**TAAK No.10** **EVANGELISASIE** **Bladsy 109 tot 117**
Waarom bly die wen van verlore siele nog die belangrikste opdrag aan die Kerk?
Behoort daar opgeleide werkers te wees in 'n Gemeente wat dissipels kan maak?
Hoe sal jy iemand lei na Christus? Watter tekste sal jy kan gebruik om dit te doen?

**TAAK No.11** **GEESTELIKE LEIERSKAP** **Bladsy 118 tot 127**
Hoe verstaan jy Geestelike Leierskap?
Watter Leiers het ons vandag nodig in die Kerk?
Gee 7 kwalifikasies wat iemand 'n geseënde geestelike leier sal maak.

**TAAK No12** **DIE KONINKRYK VAN GOD** **Bladsy 128 tot 136**
Hoe verstaan jy Die Koninkryk van God?
Is daar sleutels van God se Koninkryk? Wat is jou kommentaar hieroor?

**<u>TAAK No.13</u> GEESTELIKE OORLOGVOERING Bladsy 137 tot 142**

Hoe verstaan jy Geestelike Oorlogvoering?
Verduidelik hoe jy die volgende Skrifte verstaan: **Ef. 6:1-18 en 2 Kor. 10:3-6**

**<u>TAAK No.14</u> <u>Hier is jou Taak vir Die Ou Testament:</u>**

Gee jou weergawe van die Skepping in **Genesis 1 en 2**.
In **Exodus 18** lees ons van die beste raad wat aan leiers gegee kan word.
Gee die 5 sleutels (in Ex. 18) wat Moses nodig gehad het om 'n ware leier te kon wees.
Hoeveel boeke in die Ou Testament? Hoeveel is Historiese boeke? Hoeveel Poëtiese boeke?
Hoeveel Profetiese boeke is daar in die Ou Testament?
Moses het gesterf op 120 jaar. Hoe lank was hy in Egipte? In Median? En hoe lank was hy die leier van Israel op pad na hulle beloofde land?
Wat weet jy van die tien plae in Egipte?
Hoeveel stamme was daar in Israel en hoe het hulle gekamp om die Tabernakel?
Waar lees ons van die seëninge van Abraham? Is die seën ook bedoel vir ons?
Waar lees ons dat Salomo 'n vriend nodig gehad het?
Hoekom het God Israel vir 70 jaar uit hul beloofde land geneem na Babilon? (Gee Skrifte)
Volgens **Esegiël 2 en 3** is daar <u>vier dinge</u> wat nodig is indien ons vir God wil werk.
(Hoe verstaan jy dié gedeelte?)
Gee jou weergawe van **Maleagi 3:8-10.**

**<u>TAAK No.15</u> <u>Hier is jou Taak vir Die Nuwe Testament:</u>**

Gee 'n opsomming van <u>vyf</u> uitstaande Waarhede in **Matt. 5,6,7.**
<u>Skryf en gee jou weergawe oor die volgende:</u>

(1) Die Oes en die Arbeiders **(Matt.9:35-37)**
(2) Geweld in ons gees vir die Koninkryk **(Matt.11:12)**

Verduidelik wat is 'n Gelykenis. Kies twee gelykenisse en gee jou uitleg daaroor
Verduidelik hoe jy die Nagmaal verstaan. **(1 Kor. 11)**
Hoe meen jy moet God se Gawes werk in 'n gemeente? **(1 Kor. 12 en 1 Kor. 14)**
Hoekom is daar Vier Evangelies? Wat beteken die woord "Evangelie"?
Wat was die hoogtepunte van Paulus se derde Sendingreis?
Wat was Paulus se ambag?
Hoeveel boeke is daar in die Nuwe Testament?
Watter boeke het Johannes geskryf? Wat is die sleutel vers in Handelinge?
Verduidelik hoe verstaan jy 2 Kor. 5:17-21?
Verduidelik 2 Kor. 9:6-8.
Watter boeke het Paulus geskryf?

**<u>TAAK No.16</u> <u>PREDIKING</u>**

Gee 7 redes waarom sommige Predikers nie suksesvol is nie.
Wat glo jy sal 'n Prediker suksesvol maak?
Hoe sal jy jou Boodskap voorberei? (Verduidelik in detail)
**Berei 'n Preek voor en stuur jou Preek Notas aan jou Onderwyser.**
**(Jou preek kan in die vorm van Notas wees of in 'n Power Point)**